

# 1. Hoe om die toekoms te ken

## Geskiedenis en die Bybel



Babilon was 'n magtige koninkryk, en was baie voorspoedig, maar koning Nebukadnezer het rondgerol in sy bed. Vir hoe lank sal hierdie goue era bestaan, en wat gaan van sy koninkryk word as hy nie meer daar is nie? Met al hierdie vrae wat moontlik in sy kop maal, het hy aan die slaap geraak.

Daardie nag droom hy van 'n gemaak van verskeie metale. 'n Droom soos hy nog nooit gehad het. Vroeg die volgende oggend het hy onder sy komberse uitgespring en gesê: "Roep die wyse manne, die besweerders, die geleerdes en die waarsêers, want ek moet weet wat die droom beteken."

Hierdie manne was ietwat verskrik toe die koning aan hulle sê: " Ek het 'n droom gehad, en my gees is onrustig om die droom te verstaan." **Daniël 2:3.** Een van die slinkse profete het vinnig geantwoord: " Vertel u dienaars die droom, en ons sal die uitlegging te kenne gee." **Daniël 2:4.**

Maar die koning was slimmer as dit. Sy reaksie was dit: " Die saak staan by my vas: as julle die droom en sy uitlegging nie aan my bekend maak nie, sal julle in stukke gekap en van julle huise mishope gemaak word." **Daniël 2:5.**

Die Galdeers moes toe erken: " Daar is geen mens op die aardbodem wat die koning se saak sou kan te kenne gee nie; daarom het dan ook geen koning, groot of magtig, ooit so iets van enige geleerde of besweerder of Chaldeër verlang nie. Ja, die saak wat die koning verlang, is swaar, en daar is niemand anders wat dit voor die koning sou kan te kenne gee nie, behalwe die gode wie se woning nie by die vlees is nie." **Daniël 2:10, 11**

### 1. Hoekom het God aan hierdie Babiloniese koning hierdie droom gegee?

"Maar daar is 'n God in die hemel wat geheime openbaar, en Hy het koning Nebukadnesar bekend gemaak wat aan die einde van die dae sal gebeur. U droom en die gesigte van u hoof op u bed was dit:" **Daniël 2:28**

**Antwoord:** In hierdie droom van die beeld gemaak van verskeie metale, het God aan die koning die opkoms en val van verskillende regerings in die toekoms voorspel, wat 'n direkte invloed op Sy volk sou hê.



### 2. Wat was die koning se bevel toe die raadgevers nie die droom kon uitleg nie?



"Hieroor het die koning toornig en baie kwaad geword en bevel gegee om al die wyse manne van Babel om te bring." **Daniël 2:12.**

**Antwoord:** Hierdie Galdeërs het geroem dat hulle bonatuurlike magte besit, maar toe hulle nie die koning se droom kon bekendmaak nie, is hulle ware karakters ontbloot. As die koning aan hulle die droom sou bekendmaak, sou hulle 'n vals uitleg opgemaak het. In sy woede het die koning bevel gegee dat al die wyse manne gedood moet word, self die wat nie daar teenwoordig was nie. Onder diene wat afwesig was, was die Godvresende Daniël, wat sopas vir die koning se diens opgelei was.

### 3. Wat was Daniël se versoek toe hy uitvind van hierdie bevel?

"Daarop het Daniël ingegaan en die koning versoek dat hy hom tyd moes gee om die uitlegging aan die koning te kenne te gee. Toe gaan Daniël na sy huis en maak aan Hanánja, Mísael en Asárja, sy metgeselle, die saak bekend, en dat hulle barmhartigheid van die God van die hemel moes afsmeek oor hierdie geheim, "

**Daniël 2:16-18**

**Antwoord:** Daniël het die koning gevra om hom net tyd te verun, en dan belowe hy om die droom en sy uitleg aan die koning bekend te maak. Die koning het toegestem tot Daniël se versoek. Daarna het Daniël en sy vriende hulle toevlug geneem na die enigste bron wat hierdie geheim aan hulle kon bekendmaak. Hulle het tot die God van die hemel gebid.



### 4. Aan wie het Daniël die eer gegee toe die droom aan hom bekend gemaak is?



"U, God van my vaders, loof en prys ek, want U het my wysheid en krag verleen, en nou het U my bekend gemaak wat ons van U afgesmeek het, want die saak van die koning het U ons bekend gemaak." "Maar daar is 'n God in die hemel wat geheime openbaar, en Hy het koning Nebukadnésar bekend gemaak wat aan die einde van die dae sal gebeur."

**Daniël 2:23, 28**

**Antwoord:** Dit mag lyk of die opkoms en val van verskillende wêreld ryke deur die toedoen van mense gebeur, maar Daniël se gebed van lofprysing is 'n duidelike bewys van Goddelike ingryping. Niks gebeur waarvan God nie weet of wat Hy toelaat nie. Somtyds begryp ons nie wat in ons wêreld gebeur of hoekom dit gebeur nie, maar die gerusstelend om te weet dat God nog steeds almagtig is. Net Daniël kon die droom aan die koning bekendmaak, nogtans gee hy baie duidelik die eer aan die Een wat die droom aan hom bekend gemaak het. Die God van die hemel!

### 5. Watter twee voorwerpe het die koning in die droom gesien?

"U, o koning, het 'n gesig gehad—kyk, daar was 'n groot beeld;..."

**Daniël 2:31**

"U het gekyk totdat daar sonder toedoen van mensehande 'n klip losraak..."

**Daniël 2:34**

**Antwoord:** Die eerste voorwerp wat die koning gesien het was 'n groot beeld, gemaak van die volgende metale:

- Die hoof was van goud
- Die bors en arms van silwer
- Die lendene van koper
- die bene van yster
- die voete van yster en kei gemeng

Volgende sien die koning 'n klip wat sonder die toedoen van mensehande losraak.

Daniël het die droom presies so weergegee soos die Here dit aan hom gegee het. Maar die koning het gewonder wat die droom beteken het. Daniël het voortgegaan om die uitleg ook te gee soos die Here dit aan hom gegee het. Die enigste veilige metode om profesie en die Bybel te verstaan, is om toe te laat dat die Bybel homself verklaar.



## 6. Wat verteenwoordig die hoof van goud?



"U, o koning, koning van die konings, aan wie die God van die hemel die koningskap, die krag en die sterkte en die eer verleen het, en in wie se hand Hy in die hele bewoonde wêreld die mensekinders, die diere van die veld en die voëls van die hemel gegee het, sodat Hy u as heerser oor hulle almal aangestel het—ú is die hoof van goud."

**Daniël 2:37, 38**

**Antwoord:** Die koning was gereken as die hoof van die reik. Daarom verteenwoordig Nebukadnésar Babilon, die wêreldmag wat die profesie begin. Babilon het die wêreld oorheers van 612 - 539 vC as een van die magtigste koninkryke, gepaslik beskryf as die hoof van goud. Let op dat die profesie in die tyd van Daniël begin.

## 7. Sou die Babiloniese koninkryk vir ewig bestaan?

"En ná u sal daar 'n ander koninkryk opstaan, geringer as dié van u;" **Daniël 2:39**

**Antwoord:** Babilon se heerskappy sou nie vir ewig duur nie. Die koninkryk wat sou volg na Babilon, sou geringer wees as Babilon, net soos silwer minderwaardig is teen goud. Onder leiding van Kores die Meder, het die Medo-Persiese ryk Babilon verower op 13 Oktober 539 vC. Kores kon nie die mure om Babilon afbreek nie. Dit was te hoog en te wyd. 29 meter wyd. Hy het 'n ander plan gemaak. Hy het die eufraatrivier, wat deur die middel van die stad gevloei het, weggekeer en sy weermag het met die rivierbedding langs beweeg totdat hulle 'n manier sou vind om in die stad te kom. Deur agterlosgheid het iemand die massiewe koper binnehekke onbewaak en en oop gelaat. Gedurende hulle bewind moes alles belastings in silwer betaal word.

"So sê die HERE aan sy gesalfde, aan **Kores**, wie se regterhand Ek gevat het om nasies voor hom neer te werp, terwyl Ek die lendene van konings losgord; om voor hom deure oop te maak, en **poorte sal nie gesluit bly nie:**" **Jesaja 45:1**

150 Jaar voor sy geboorte het God selfs Kores die Meder by sy naam genoem.

Gedurende hierdie tyd moes alle belastings in silwer betaal word!



## 8. Watter metaal sou die koninkryk voorstel wat die Medo-Persiese ryk opvolg?



" daarna 'n ander, 'n derde koninkryk, van koper, wat oor die hele aarde sal heers;"

**Daniël 2:39**

**Antwoord:** Hierdie voorspelling, die buik en lendene van koper, is vervul toe die briljante jong generaal, Alexander die Grote, Koning Darius III van Persië in die slag van Arbela in 331 v.C. verslaan het en Griekeland die derde wêreld koninkryk geword het. Griekse soldate was "brazen coated" genoem omdat hulle wapenrusting (skilde en Helms) van koper was.

### 9. Watter metaal sou die vierde koninkryk voorstel?

"en die vierde koninkryk sal hard wees soos yster, juis omdat yster alles fynstamp en verpletter; en soos die yster wat vergruis, sal hy dit alles fynstamp en vergruis".

**Daniël 2:40**

**Antwoord:**

#### History of Rome, book 3, Chapter 10

"On June 22, 168 B.C., at the Battle of Pydna, perished the empire of Alexander the Great, 144 years after his death."

Die yster monargie van Rome het die Grieke in 168 vC verslaan. Rome het die wêreld oorheers totdat Keiser Augustus onttroon is in 476 nC. Let op hoe Daniël hier 'n 1000 jaar se wêreld geskiedenis met volkome akkuraatheid voorspel. Die opkoms en val van hierdie vier koninkryke - Babilon, Mede en Perse, Griekeland en Rome - is duidelik in die Bybel voorspel, en bevestig deur die geskiedenis boeke. Dit was gedurende die tyd van Romeinse heerskappy, dat twee gebeurtenisse van groot belang plaasgevind het! Jesus is gebore en Jesus is gekruisig.



### 10. Wat sou gebeur na die val van die Roomse ryk?



"En dat die voete en die tone, soos u gesien het, deels van pottebakkersklei en deels van yster was--dit sal 'n verdeelde koninkryk wees, en van die hardheid van die yster sal daarin wees, omdat u die yster met kleigrond gemeng gesien het. En dat die tone van die voete deels van yster en deels van klei is--'n gedeelte van die koninkryk sal hard en 'n gedeelte sal bros wees. Dat u die yster gemeng met kleigrond gesien het--hulle sal deur menslike gemeenskap onder mekaar vermeng raak, maar hulle sal nie aanmekaar vasklewe nie, net soos yster nie met klei meng nie".

**Daniël 2:39**

**Antwoord:** Met die val van die Romeinse ryk in 476 nC, was dit nie verower deur 'n enkele wêreld mag nie. In plaas daarvan is dit in besit geneem deur tien barbaarse stamme, wat dit verdeel het. Net soos Daniël voorspel het met die voete met 10 tone. Hierdie stamme het ontwikkel tot moderne Europa.

Die 10 Stamme/Nasies van Europa was:



<b>Almane</b>	<b>DUITSERS</b>
<b>Boergondiërs</b>	<b>SWITSERS</b>
<b>Franke</b>	<b>FRANSE</b>
<b>Lombarde</b>	<b>ITALIANERS</b>
<b>AngloSakse</b>	<b>ENGELSE</b>
<b>Suevi</b>	<b>PORTUGESE</b>
<b>Wes-Gote</b>	<b>SPANJAARDE</b>
<b>Heruli</b>	<b>UITGESTERF</b>
<b>Oos-Gote</b>	<b>UITGESTERF</b>
<b>Vandale</b>	<b>UITGESTERF</b>

## 11. Sal een koninkryk of land weer die wêreld regeer?

"- hulle sal deur menslike gemeenskap onder mekaar vermeng raak, maar hulle sal nie aanmekaar vasklewe nie, net soos yster nie met klei meng nie".

**Daniël 2:43**

### **Antwoord:**

Regdeur die geskiedenis het leiers soos, Charlemagne, Napoleon, Keiser Wilhelm, Mussolini, Karel V, en Hitler probeer om 'n nuwe Europese koninkryk te bou. Nog niemand kon dit doen nie, en niemand sal dit ook regkry nie. Die Bybel sê so!!

In 'n paleis in Denemarke word die familie stamboom van die koninklike families van Europa uitgebeeld. Hulle was almal verwant. Hulle het gehoop om deur die ondertrouery ook oorloë te beperk. Dit het egter nie gewerk nie. Hulle kon nie met mekaar oor die weg kom nie. Baie van die Europese oorloë was niks anders as familietwiste wat hand uit geruk het nie.



## 12. Wat is dan die finale koninkryk?



"Maar in die dae van dié konings sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan— "

**Daniël 2:39**

**Antwoord:** Die volgende universele koninkryk is die koninkryk van die Hemel. Dit begin met ander woorde met Jesus se wederkoms. Dan begin die koninkryk wat tot in alle ewigheid sal duur.

"Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid." **Openbaring 11:15**

"En wanneer die Seun van die mens in sy heerlikheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit; voor Hom sal al die nasies versamel word, en Hy sal hulle van mekaar afskei soos die herder die skape van die bokke afskei; en Hy sal die skape aan sy regterhand en die bokke aan sy linkerhand sit. Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af." **Matthéüs 25:31-34**

## 13. Wat was Nebukadnésar se reaksie?

"Toe het koning Nebukadnésar op sy aangesig geval en Daniël aanbid en bevel gegee om aan hom 'n spysoffer en reukoffers te bring. Die koning het Daniël geantwoord en gesê: Waarlik, julle God is die God van die gode en die Here van die konings en die Openbaarder van geheimenisse, daarom was jy in staat om hierdie geheim te openbaar".

**Daniël 2:46, 47**

### **Antwoord:**

Selvs Nebukadnésar, 'n heidense koning, het erken dat die God wat Daniël dien, bo alle heidense gode in Babilon was.



#### 14. Word hierdie vier koninkryke iewers anders in Daniël genoem?



“In die eerste jaar van Bésasar, die koning van Babel, het Daniël 'n droomgesig gesien en gesigte van sy hoof op sy bed. en vier groot diere het uit die see opgeklim, die een verskillend van die ander. Hierdie groot diere wat vier is— vier konings sal uit die aarde opstaan;”

**Daniël 7:1, 3, 17**

**Antwoord:** Ons sal nou sien dat die vier koninkryke van Daniël 7 ooreenkom met die vier koninkryke van Daniël 2. Dit was weereens in 'n droom aan Daniël bekendgemaak.

#### 15. Wat was die eerste dier van Daniël 7?

“Die eerste was soos 'n leeu, en hy het vlerke van 'n arend gehad”;

**Daniël 7:4**

**Antwoord:**

Die eerste dier is 'n Leeu. Daar word op verskeie plekke in die Bybel na Babilon as 'n leeu verwys.

“ 'n Leeu het opgeklim uit sy bos en 'n verderwer van nasies het weggetrek, uitgegaan uit sy plek om jou land 'n woesteny te maak; jou stede sal verwoes word, sonder inwoners”.

**Jeremia 4:7**

“Israel is 'n rondgejaagde skaap wat die leeu weggedrywe het; eers het die koning van Assur hom opgeëet, en nou ten laaste het Nebukadnésar, die koning van Babel, sy gebeente afgeknaag”.

**Jeremia 50:17**

Dus verwys die hoof van goud in Daniël 2 en die leeu van Daniël 7 albei na Babilon.



#### 16. Wat was die tweede dier van Daniël 7?



“En kyk, 'n ander dier, 'n tweede, het gelyk soos 'n beer, en is aan die een kant opgerig; en drie ribbes was in sy bek tussen sy tande”;

**Daniël 7:5**

**Antwoord:** Die tweede dier is 'n beer, wat die Meders en die Perse voorstel. Hulle het aan bewind gekom deur Lidië, Babilon, en Egipte te oorwin. Daarom die drie ribbes in die beer se bek.

#### 17. Daniël 8 het meer inligting aangaande hierdie tweede koninkryk.

“In die derde jaar van die regering van koning Bésasar het aan my, Daniël, 'n gesig verskyn ná dié een wat die vorige keer aan my verskyn het. Ek het naamlik in die gesig gesien—terwyl ek kyk, was ek in die vesting Susan wat in die provinsie Elam lê; en ek het in die gesig gesien dat ek my aan die Ulairivier bevind het. En ek het my oë opgeslaan en gesien, en kyk, daar staan 'n ram voor die rivier; en hy het twee horings gehad, en die twee horings was hoog, **ook was die een hoër as die ander, en die hoogste het laaste uitgeklim**. Ek het die ram sien stoot na die **weste** en na die **noorde** en na die **suide**, en al die diere kon voor hom nie standhou nie, en daar was niemand wat uit sy mag gered het nie; maar hy het gedoen net wat hy wou, en het magtig geword. Die ram wat jy gesien het met die twee horings, is die koning van die



Meders en die Perse”.

### **Daniël 8:1-4, 20**

#### **Antwoord:**

Hier word die koninkryk by die naam genoem! Hoekom was die een horing hoer as die ander? Van 539 vC tot 522 vC was al die konings Meders behalwe vir Kores wat half Merder en half Pers was. `n Tydperk van omtrent 17 jaar. Van 522 vC tot 331vC, vir amper die volgende 300 jaar, was al die konings Perse. So Die meders het eerste regeer, maar die perse het toe oorgeneem en baie langer regeer. Na Daniel hoofstuk 8 word daar ELKE keer na hierdie koninkryk verwys as die net die Persiese ryk. Die Meders word nie eers meer genoem nie. So ook was Daniël 7 se Beer was hoër aan die een kant.

Hoekom die weste, noorde en suide? Hoeveel ribbene het die Beer in sy mond gehad? Drie!

Wes van Persië was Babilon – Verower in 539

Noord van Persië was Lidië – Verower in 546

Suid van Persië was Egipte – Verower in 525

Profesie is spesifiek en presies.

### **18. Wat was die derde dier van Daniël 7?**



“Daarna het ek gesien, en kyk, daar was 'n ander een soos 'n luiperd, en dit het vier vlerke van 'n voël op sy rug gehad; ook het die dier vier koppe gehad, en aan hom is heerskappy gegee”.

#### **Daniël 7:6**

**Antwoord:** Hierdie dier het vier koppe. Daar word ook genoem dat dit 'n Luiperd is met vier vlerke.

Daniël 8 het die volgende inligting oor hierdie koninkryk:

“Terwyl ek daarop ag gee, kom daar 'n bokram uit die **weste** aan oor die oppervlakte van die hele aarde, sonder om aan die grond te raak; en die bok het 'n aansienlike horing tussen sy oë gehad. En hy het na die ram met die twee horings aangekom wat ek voor die rivier sien staan het, en hom in die woede van sy krag stormgeloop. En die harige bok is die koning van Griekeland; en die groot horing wat tussen sy oë was, dit is die eerste koning”.

#### **Daniël 8:5, 6, 21**

Griekeland word hier by die naam genoem. Griekeland was ook wes van Persië

### **19. Wie was hierdie eerste koning van Griekeland?**

“En die bok het uitermate magtig geword; maar toe hy sterk was, het die groot horing afgebreek, en vier aansienlike horings het in sy plek uitgekam na die vier windstreke van die hemel”.

#### **Daniël 8:8**

#### **Antwoord:**

Die dier in hoofstuk 7 het 4 vlerke, en is 'n luiperd. Die bok in hoofstuk 8 beweeg sonder om aan die grond te raak. Dit sê ook dat die groot horing sy eerste koning was..

Hierdie verwys beslis na **Alexander die Grote** en die spoed waarmee hy die toe bekende wêreld oorgeneem het. Op die jeugdige ouderdom van 25, Het Alexander die heerser geword oor een van die mees uitgebreidste koninkryke wat die wêreld nog gesien het.



"I am persuaded there was no nation, city, nor people ... where his name did not reach.... There seems to me to have been some divine hand presiding both over his birth and actions."

## Historical Library , Book 16, Chapter 12

Hoofstuk 8 sê: "maar toe hy sterk was, het die groot horing afgebreek," Alexander het voor sy 33ste verjaarsdag, op 11 Junie 323 v.C. , gesterf van 'n hoë koors. Sommige bronne beweer dat dit malaria was. Hy het wel Malaria gehad in 336 vC. Op 29 Mei 323 was hy by 'n banket waar hy baie gedrink het. Daarna het hy baie siek geword. Hy sterf 'n maand voor hy 33 sou word.

Hoofstuk 8 sê ook: "en vier aansienlike horings het in sy plek uitgekom"  
Na sy dood is sy koninkryk verdeel tussen sy generaals .

"By 275 bC three dynasties, descending from three of his generals, were well established; the Seleucids (312-63 bC) ruled much of what had been the Persian empire in Asia, the Ptolemies (323-30 bC) ruled Egypt, and the Antigonids (283-168 bC) Macedonia. A fourth European dynasty, not connected with Alexander, the Attalids of Pergamum (263-133 bC) , subsequently grew up in Asia Minor at Seleucid expense, and became great by favour of Rome."  
**Hellenistic civilisation - Tarn, W. W. P6**

So na Alexander se dood, is die ryk in vier hoof groepe verdeel: Die Seleucids, Ptolemies, Antigonids en Attalids

### 20. Wat was die vierde dier van Daniël 7?



Daarna het ek in die naggestigte gesien, en kyk, daar was 'n vierde dier, vreeslik en skrikwekkend en baie sterk, en dit het groot ystertande gehad; dit het verslind en vermorsel en die oorskot met sy pote vertrap; en dit was verskillend van al die diere wat voor hom gewees het, en dit het tien horings gehad. Terwyl ek op die horings ag gee, kom daar 'n ander horinkie tussen hulle op, en drie van die vorige horings is daarvoor ontwortel." **Daniël 7:7, 8**

**Antwoord:** In 493 n.C. het die Heruli hulle lot tegemoet gegaan met die hulp van Keiser Zeno.

'n Ander keiser, Justinianus, het die Vandale in 534 n.C. vernietig en toe die mag van die Oos-Gote in 538 n.C. verbreek.

### 21. Openbaring bevestig ook hierdie 4 koninkryke.

"En ek het 'n dier uit die see sien opkom met sewe koppe en tien horings, en op sy horings tien krone en op sy koppe 'n naam van godslastering."

**Openbaring 13:1**

**Antwoord: Romeinse Ryk**

"En die dier wat ek gesien het, was soos 'n luiperd,"

**Openbaring 13:2**

**Antwoord: Griekeland**

" en sy pote soos dié van 'n beer,"

**Openbaring 13:2**

**Antwoord: Medo-Perse**

"en sy bek soos die bek van 'n leeu;"

**Openbaring 13:2**

**Antwoord: Babilon**



Weereens die vreeslike dier, Luiperd, Beer, en leeu , **Vier koninkryke.** Maar **Daniël 7** noem die diere in die vlogende volgorde: **Leeu, Beer, Luiperd en dan die Vreeslike Dier**



# Opsomming

**Daniël 2**

**Daniël 7**

**Daniël 8**

**Openb. 13**



## 22. In watter taal is die boek Daniël oorspronklik geskryf?

<b>Hebreeus</b>	Hoofstukke: 1 & 8 -12	Taal v.d Israelite	Boodskappe vir God se volk
<b>Aramees</b>	Hoofstukke: 2 - 7	Taal in Babilon	Boodskappe vir Babilon

Aramees - Hoofstukke 2-7 - Simbole wat die mense van Babilon verstaan - Beelde, wat hule aanbid het, en diere, wat oral op die mure van Babilon was.

Hebreeus - Hoofstukke 1 & 8-12 - Simbole wat die Israelite verstaan soos die skaap en bokram m.a.w. die offerstelsel en die Heiligdom, die Messias ens.

### Chiasme van Hoofstukke 2 tot 7 - Aramees

<b>A-Hoofstuk 2</b>	<b>B-Hoofstuk 3</b>	<b>C-Hoofstuk 4</b>	<b>C-Hoofstuk 5</b>	<b>B-Hoofstuk 6</b>	<b>A-Hoofstuk 7</b>
Profesie van 4 Wêreld Ryke	Beproewing deur vuur	'n Koning gewaarsku	'n Koning gewaarsku Bêlsasar	Beproewing in die leeu kuil	Profesie van 4 Wêreld Ryke
God se komende Koninkryk	Gered deur God	Nebukadneser Getugtig en verlos	Uitdagend en verlore	Gred deur God	God se ewige Koninkryk

### Chiasme van Hoofstukke 8 tot 12 - Hebreeus

<b>A. Hoofstuk 8</b>	Profesie van Wêreld Ryke – Diere offers
<b>B. Hoofstuk 9a</b>	Beproewing van God se volk – Gebed om vergifnis
<b>C. Hoofstuk 9:25</b>	Profesie van 'n koning – Jerusalem se herstel voorspel
<b>D. Hoofstuk 9:26a</b>	Jesus sterf – sonder iets vir hom
<b>C. Hoofstuk 9:26b</b>	Profesie van 'n koning – Jerusalem se vernietiging voorspel
<b>B. Hoofstuk 11</b>	Beproewing van God se volk – Rou oor die Tempel.
<b>A. Hoofstuk 11-12a</b>	Profesie van Wêreld Ryke – Konings van noorde en suide

Hoofstuk 1 dien as inleiding vir altwee gedeeltes

Die literêre styl van daardie tyd was anders as nou. Nou bestaan 'n preek mos uit 3 gedeeltes. Ons begin 'n preek met 'n inleiding, dan die boodskap gedeelte, en dan som ons op, die belangrike gedeelte, of soos hulle in Engels sê die "punchline". In daardie tyd was die eerste en laaste hoofstuk mos die selfde, en dan gaan dit so aan tot jy by die middel kom. Die middel is eintlik dan die "punchline" of belangrike boodskap in die gedeelte. Dit word die chiasiese styl genoem. (Chiasme)

Neem bv. hoofstuk 2-7. Die "punchline" is dan in die middel, wat hoofstuk 4 & 5 is. Dis die doel van die hele evangelie. In hoofstuk 4 hoor Nebukadnezer die boodskap, hy neem dit aan, en word gered. In hoofstuk 5 hoor Beltsasar die boodskap, verwerp dit, en is verlore. Die twee groepe mense wat ons vandag nog het.

## Ten Slotte – NB !!!

Ek het hierdie studie uit die Bybel saamgestel met die lig tans tot my beskikking. Mense kan hiervan verskil en ek sal graag wil weet van **Bybelse** bewyse waar ek dalk mag dwaal of verkeerd is. Laat weet my asseblief by onderstaande kontak besonderhede, sodat ons kan saamwerk om die Woord van God en Sy volle waarheid te kan verkondig. Ek glo ook dat daar nie kopiereg op die Woord van God geplaas kan word nie, so dupliseer en versprei hierdie dokument asseblief as u meen dit is Bybels korrek. Bybeltekse aangehaal uit die Afrikaanse 1953 vertaling.

Fanie Fourie	Selfoon	Fax	E-Pos
Posbus 493	072 500 3934	086 573 3934	fanie@dievollewaarheid.org
Christiana, 2680			